

Maandag

Derde Reformasie preek. (2017.08.13) Christus verlos ons uit die godsbedryf van hierdie wêreld deur vir ons handelsvrye aanbidding te skep. Joh. 2:19. Met die woorde: “Moenie die huis van my Vader ’n besigheidsplek maak nie”, (Joh. 2:16) wys die Here Jesus self watter tipe godsdienst is net ’n geldmaakstorie én hoe is dit net ’n geldmaakstorie. Die Joodse tempel in Jerusalem is hiervan die voorbeeld. Die Here wys dat in hierdie tempelbedryf word die huis van God die Vader, dit is, die teenwoordigheid van God as Vader, die geldmaakstorie. God se liefde, barmhartigheid, genade en goedheid, sy lewe, krag, Naam en wil, word in hierdie geestelikheid die produk gemaak waarmee besigheid gedoen word. Wie God as God is en wat Hy as God doen, word die handelproduk in hierdie geestelikheid. Daarom kan die tipe geestelikheid ’n “godsbedryf” genoem word. God self, wie Hy is en wat Hy doen, word as ’n besigheid in hierdie soort tempels bedryf. Daarom is geldmakery met God as handelsitem iets heeltemal anders as die misbruik van fondse wat mense gee vir die instandhouding van die kerk of korrupsie met kerkgeld. Dit is nie geld nie, maar God self wat die geldmaakstorie van hierdie tempels is. Daarom maak Christus se lyding, kruisiging, sterwe en opstanding die einde aan hierdie tipe geldmaakstories. “Breek hierdie tempel af en in drie dae sal Ek hom oprig.” Joh. 2:19. Preek beskikbaar by ngkerklevubu.co.za op skrif en mp3 op Google.

Dinsdag

Deur Christus se lyding, kruisiging, sterwe en opstanding vir ons sondes, het Hy God die Vader se liefde vir ons ’n tuiste gemaak. Joh. 2:19 Dit is die tempel wat Christus oprig: “Wie bely dat Jesus die Seun van God is – God bly in hom en hy bly in God.” 1 Joh. 4:15. Christus se tempel is God die Vader se liefde waarin Hy ons insluit en laat deel en waar ons God vreesloos kan liefhê: “Ons ken die liefde wat God vir ons het, en ons glo daarin. 1 Joh. 4: 16,19. Hierdie liefde, waarin ons ingesluit is en bly, gebeur nie binne ’n gebou nie. Christus maak sy skepping ons tempel. Orals en altyd binne sy hele skepping leef en bly ons binne die liefde van God die Vader. Christus se tempel het ’n einde gemaak aan alle tempels soos die van die Jode in Jerusalem. Hy het dit wat in daardie tempel gebeur, vernietig. Dit is hoekom sy dood die voorhangsel van die Joodse tempel skeur – dit beëindig die hele Joodse tipe tempelbedryf. Die kern van die Joodse tempel was die offer- en versoeningsbedryf deur priesters. Priesters ontvang offers wat mense vir God bring vir hulle sondes en offer dit dan aan God om versoening tussen God en mense te bewerk sodat mense weer toegang tot God sou hê. Aan hierdie offer- en versoeningsbedryf in alle kerke het die Here ’n einde gemaak. Sy lyding, kruisiging, sterwe en opstanding het enige en alle menslike offer- en versoeningsbedrywe vernietig. So skep Christus handelsvrye aanbidding. Joh. 2:19.

Woensdag

Psalm 50 :7 – 15. Die regte geldmaakstorie van pastore en predikante is die geestelike offerbedryf. Hierdie offerbedryf is ruilhandel tussen God en mense. Alles wat God kamstig sou nodig hê word geruil vir alles wat mense begeer. Sodra jy

vraag en aanbod tussen God en mense het, het jy besigheid. Hulle gee vir God bokke en beeste wat Hy sou nodig hê en hulle kry daarvoor van God reën, kinders, geluk, mooi vrouens en sterk mans. In hierdie ruilhandel tussen God en mens is geestelikes die middelman, God se markagente. Hulle glo hulle bring God en mense se begeertes by mekaar uit. God het volgens hulle hierdie diep hunkering na liefde, mag en aanbidding en mense weer na geluk, vrede, liefde en voorspoed. Volgens die geestelikes gebeur hierdie ruiltransaksie dan wanneer mense hul harte, lewe, kinders, land, toekoms, liefde, gehoorsaamheid en troon van hul hart aan God sal oorgee. Ruilhandel! Geestelikes ontvang die offers wat mense vir God gee en bewerk God se seëninge vir mense. Hierdie ruilhandel is binnehandel. Hulle vat God se vrye genade en liefde wat onverdiende gawes van God aan sy kinders is (Efe. 2: 5-10) en maak daarvan hul eie geestelike bedryf, nes boere se arbeiders die boer se oeste steel en daarmee hul eie padstalletjies maak. So maak hulle dat die boere se kinders hul pa se vrye gawes nou by arbeiders moet koop. Christus maak ons tuis in God se liefde en vernietig die hele offerbedryf van geestelikes. Joh. 2:19

Donderdag

Efe. 2: 5 – 9. Christus gee ons saam met Hom 'n plek in die hemel, dit is, om te deel in die liefde wat Hy as Seun van God en God die Vader vir mekaar het. Ons vaste plek in God se liefde is 'n gawe wat ons ontvang en deel alleen deur die groot genade van God vir ons deur Christus. Hy het vir ons gely en laat ons in die heerlijkheid leef van kinders van God die Vader, deur sy genade, sonder enige goeie werk wat ons vir God doen of enige iets wat ons vir God in ruil daarvoor gee. (Rom. 8: 29 – 35) Hy is vir ons gekruisig om die vloek van al ons sonde weg te neem en ons in die volle seën van die Vader te laat deel, sonder dat ons enige iets goeds gedoen het of hoef te doen vir God. Ons deel in hierdie seëninge van sy Vaderskap sonder enige goeie daad wat Hy van ons vra. (Gal.3:13 – 14) Hy het vir ons gesterf om die volle straf van ons sonde op Hom te neem en ons in die volle verdienste van sy werk te laat deel, sodat ons in die volle guns van God die Vader leef. Vir hierdie guns doen ons niks om dit te verdien nie. (Heb.7: 26 – 28) Hy is vir ons verwerp deur die haat van God vir ons sonde op Hom te neem sodat ons deel in die volle liefde van God die Vader. Hierdie liefde is handelsvry. Ons gee geen liefde, eer, lof of dank om hierdie liefde te kry nie. (Mat.27: 46; Gal.4: 6,7) Ons is verlos van geestelikes se godsbedryf waar jy God se liefde moet kry in ruil vir jou liefde vir God. Hulle geestelikheid is die bedrog en diefstalsindikaat van God se liefde.

Vrydag

Efe. 2:8,9. Op 31 Oktober 1517 het Martin Luther die ruilhandel van die godsbedryf van die Rooms Katolieke Kerk (RKK) openlik begin teenstaan met verset teen die pous se aflate. 'n Aflaat word in Engels 'n "indulgence" genoem. Die RKK glo dat die Here Jesus se redding alle skuld van sonde wegneem, maar nie alle sondestraf nie. Die Here red jou van jou sondeskuld maar gaan jou nog op aarde straf met dinge soos droogte, siekte, teenspoed en die dood van 'n geliefde. Om vry te kom van God se strawwe kan die pous of biskoppe jou kwytskelding gee. Dit is 'n aflaat. Hulle gee

vir jou kwytskelding van God se strawwe op jou sondes wat jy nog hier op aarde moet kry. Dit is vandag nog die amptelike geloof van die RKK. (Kyk gerus op Google onder die woord "indulgence"). Die Reformasie het begin toe Martin Luther ontdek het dat Christus ons van alle sondeskuld en alle sondestraf red sonder dat ons enige iets goeds vir God daarvoor hoef te doen. Volkome redding van sondestraf en skuld is uit God se genade alleen. Daarom het die Here ons verlos van alle pastore, priesters en dominees wat voorhou dat droogtes, siektes, geweld en onrus in die land en armoede God se straf vir ons sonde is en van hul dwaling dat ons eers tot bekering moet kom voor God hierdie strawwe sal wegvat. Christus se een offer het ons van alle sondeskuld en alle straf op sonde volkome gered en so leef ons dankbaar in die geloof dat God alles vir ons ten goede sal laat meewerk.